LEEUKUIL ERVARING IN KHUTSE (21 Junie 2012 – 23 Junie 2012)

Geruime tyd is ek en my man al baie moeg en 'n wegbreek naweek klink toe na net die regte ding om jou gedagtes en liggaam weer te verfris. Al probleem was dat daar leeus is waar ons gaan slaap. Ons was mos al daar en het hulle onder bome sien lê vanuit ons voertuie, sommer baie naby ons. Gelukkig is die veld baie oop en kan mens mooi sien of daar iets is in die bos. So het ek myself vertel want ons was mos darem een maal voorheen daar. Net die bye het ons gepla en die hitte van 45 grade het ons byna doodgebrand. Ons het spesiaal na 'n spesifieke area gery naby 'n kunsmatige poeletjie water om hulle darem te kon sien. Dit was my enigste onuitgespreekte troos. Om te erken ek is bang wou ek nie graag doen nie. Die ander kom dan altyd veilig terug en ervaar dit as 'n heerlikheid sonder weerga. Ek bly toe maar stil en pak ons klere. Reël ons 'Border Post Letter', pak ons paspoorte en hope warm klere, want dis mos baie koud, of is dit? Alles gepak en seker gemaak niks bly agter nie. (Net ons veiligheid!). Ek wonder tog of ek nie ons paspoorte moet 'vergeet' nie?

Daar gekom in Botswana se Khutse Wildreservaat, word ons kampplek aangedui. Dis dan so ver van waar ons voorheen was het ek gedink. Ek wonder of dit darem daar ook so oop is dat mens darem ver kan sien? Die ontvangsdame lig ons in dat die leeus reeds die heel week daar is. Fotos wys watter maanhaar is rustig en watter een is wilder as die wildtuin, so vertel die een wildbewaarder my. Ag hemeltjie tog was my gedagtes; wat kan ek uitdink om hieruit te ontvlug? Almal is opgewonde, net ek het hierdie diep onrustigheid! Stilweg skaam ek my omdat almal so rustig en opgewonde lyk. "Ons het 'n kans om die leeus te sien", was die ander klompie se opgewondenheid. O wee my; ek sien hulle gereeld op National Geographics en weet leeus raak net so opgewonde oor kos wat self na hulle aangery of aangeloop kom. Een troos wat ek het, was dat ek Daniël in die Leeukuil se verhaal so goed onthou! Bekke van leeus kan mos gesluit word as mens regtig bid! Dan onthou ek weer dat Daniël 'ingegooi' was teen sy sin en ons? Ons het self daar ingery en besluit om in hulle habitat te bly! Met ander woorde, ons soek mos moeilikheid!

By die aangeduide kampplek gekom begin almal ywerig daktente en grondtente gereed kry. Ons moet bad voor donker en ons draaie loop. Mens weet mos nooit, want net miskien gebeur die onverwagte en 'n leeu wag vir jou in die donker. Ons het gebraai en heerlik geeët. Dit was toe ook nie eens so koud soos mens sou verwag nie. Een kombers was meer as genoeg. Die tent se seiltjie word sommer oopgelos. Lekker uitgeput raak ons aan die slaap. Teen middernag maak Floors my baie sag en versigtig wakker. "Elsabie, die leeus is in die kamp! Lê doodstil en moenie 'n geluid maak nie!". Eerlikwaar, toe ek die gebrul hoor en dis so naby, sommer hier teen ons tent se trappies, gaan my hart so te kere dat ek skielik presies weet waar daardie bekende spreekwoord vandaan kom wat sê: "My hart klop in my keel". Myne wou uitspring want ons was in 'n situasie waarvan ek geen ondervinding het nie en ek bedoel geen! Die goed wat jy op TV sien en in boeke lees het my geensins voorberei nie, en as dit sou, het die inligting net daar weggedroog.

Langs Casper en Karin se voertuig waar hulle ook in 'n daktent slaap kon ek in die donker twee of drie figure onderskei. Hulle was groot! Casper het na 'n redelike tyd sy flits aangekry en na die kant van sy voertuig geskyn! Ons was reg, daar staan die leeus, reg langs hulle voertuig. Een kyk op na waar die lig vandaan kom. Volgens Karin het sy twee gloeiende geel oë hulle sin ontmoet. As die leeus sou waag om op te staan teen die voertuig, sou hulle maklik tot bo kon bykom. Hulle het die kamp vol baljaar en rond gesnuf en Wim se gasbottel se glas gebreek. Die gasbottel is die vlg oggend in die veld gevind. Reg langs Casper se voertuig het Wim en

Marie op die grond in hulle tent gelê. Harte kloppend omdat die leeus om hulle tent kom loop het en hulle duidelik die gesnuf kon hoor. Hope planne hardloop deur sy kop, het hy vertel, met harte ook op ‘n benoude gallop. Skielik raak dit stil vir seker 15 minute of meer. Dankie tog het ons elkeen gedink, maar lê eerder doodstil om seker te maak. Ewe skeilik brul die leeu weer net so hard. Ag hemeltjie tog, wat wil hy doen? Jy lê en wag en wonder en hoop hulle gaan liewer weg. En ja, ek hoop hulle is nie honger nie, dat hulle bloot nuuskierig is. Kalahari leeus is blykbaar baie nuuskierig het Wim net vroeër vir ons vertel. As hulle dus bloot nuuskierig is, bid ek dat hulle kyk en ruik en klaar kry.

Ek en Floors, asook Wim en Marie het saggies gebid en hulp van Bo gevra, so vertel hulle ook die vlg dag. Net Casper vra of ek net soos hy gebid en gevra het dat hulle langer moet bly. Hy het lank gewag vir so ervaring! O my ouers, ek het saggies gebid dat ons veilig sal wees en dat hulle iewers anders kos moet soek. Dat ‘n bokkie voorsien moet word en dat ons rustig verder kan slaap. Bokke en ander wilde diere is tog eerder hulle kos. Nie moeë mense wat hard werk en ontvlugting en rus soek nie? Na wat soos ‘n ewigheid gevoel het, het daar skielik stilte oor die kamp neergedaal. Ag dankie tog Vader, ek waardeer dit. Ons is veilig.

Vroeg die oggend net nadat ons opgestaan het, sien Karin ‘n leeuwyfie in die veld so entjie weg rustig stap. Kan jy glo, hulle is opgewonde! Ons kamp lê nog vol leeuspore van die vorige nag se besoek. Jou hare staan orent as jy sien waar hulle oral was en die grootte van daardie spore. Later die dag deel elkeen sy ervaring en gevoelens tydens die vorige nag se benoudheid. Gelukkig sê Wim, kom leeus net elke vierde dag weer terug na dieselfde pad of plek waar hulle was. Dankie tog dink ek hier binne waar niemand hoor nie. Sy stelling word bevestig en beaam deur die ander. As ons nou weer leeus wil sien sal ons watergat toe moet ry word gesê. Ek vra ‘n vraag sonder klank; nou wat dan van die een wat net vroeër hier rondgeloop het?

Later die dag ry ons om leeus te soek en kry niks. Die kuier onder die bome naby ‘n watergat is werklik ontspanne en ons knibbel aan kossies van die vorige aand. Karin stel voor dat ons vroeg terug gaan sodat almal kan bad voor donker. Ek wonder hoekom as hulle eers weer elke vierde dag daarlangs loop? By die kamp gekom, het ons almal lekker gestort en vuur gemaak. Sosaties, Steak en vars gebakte potbrood met vyekonfyt en kaas. Almal was lekker honger. Kos is gereed en ek vat ‘n bak sodat die manne die vleis af kan haal. Ek kyk op en tuur in die verte waar ‘n beweging my aandag trek. “Hoekom hardloop daardie twee bokkies so?”, wou ek weet. Sonder bril kon ek nie so ver en mooi duidelik sien nie. Floors help my dadelik reg. “Dis leeus julle, hardloop vir julle voertuie!” So vinnig as wat hulle kan word die lekker vars brood en vleis gegryp, want leeuwyfie kom die paadjie afgehardloop. Ek was eerste in die kar en toe Karin wat nog ‘n ou Maanhaar in die veld ‘n entjie weg gesien het. Versigtig word die leeus dopgehou en vinnig word vir elkeen van ons kos gegee. Met een oog op die kos en een oog op die leeu. Ons eet sommer vanaand by die ‘roadhouse’, in ons voertuie. Ek besluit daar en dan dis ook my slaapplek vir die nag. Floors word nie gevra nie maar gesê; “jy slaap by my vannag!”

In die nag word dit skielik bitter koud, anders as die vorige nag. My voorneme om op te klim boontoe vries net daar weg, want sê nou daar is ‘n leeu daar buite!. Ons kussings en komberse was bo in ons tent. Ons was van voorneme om weer bo te slaap, want die leeus kom mos net elke vierde dag! Dit word ‘n skrale twee grade en die wind waai vir ‘n tyd verwoed. Hierdie nag druk ek maar so deur, maar wat gaan die ander sê? Wel, toe die son vroeg die oggend kop uitsteek en die mis oral om ons hang, vra Casper eerste: “Het julle sowaar in die kar geslaap?”. Ons word net daar gedoop ‘die karbewoners’. Na so naweek het jy ‘n naweek nodig om te rus.

Soos vertel deur: Elsabie van der Westhuizen

Kopiereg ©